

BOEKBESPREKINGS

Muller, prof. C. F. J. (red.), 500 *Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis*. 5 kaarte. Academica 1968, Pretoria en Kaapstad.

Hierdie boek, voorsien van 'n treffende helderkleurige stofomslag, is geskryf, aldus die inleiding, „deur 'n groep jonger skrywers . . . aan die hand van die jongste navorsing”. Onder hierdie „jonger” skrywers tel daar reeds ringkoppe wat diep spore in ons geskiedskrywing getrap het, maar die meerderheid van die skrywers maak hier 'n indrukwekkende eerste buiging voor 'n breër publiek.

Twaalf skrywers gee in 20 hoofstukke 'n oorsig oor die 500 jaar van Suid-Afrikaanse geskiedenis vanaf die dae toe die Portugese ontdekkers in hulle „wankelende skepies” moesaam 'n weg na Indië gesoek en gevind het, tot by die uitspraak van die Wêreldhof en die Suidwes-saak. Dan volg daar 'n diepsinnige gesluit deur die Redakteurs wat die leser tegelyk vervul met 'n trots vir die katalogus van behaalde prestasies en voor die oorstelpende vraag bring: Kan die blank-sentriese beskawing in Suid-Afrika gedy? Daar is ook 'n uiters waardevolle bylaag oor die inboorlinge van Suid-Afrika en 'n vergelykende tabel van die verskillende Suid-Afrikaanse muntstelsels.

Die boek begin met 'n skitterende oorsig deur prof. dr. W. J. de Kock oor die „ontdekkers en omseilers van die Kaap” — 'n oorsig wat van meesterlike vakmanskap en 'n algehele beheersing van materiaal getuig. Die lees daarvan is loutere genot.

In die volgende vier hoofstukke behandel dr. Anna Boësen die Kaapse geskiedenis vanaf die koms van Jan van Riebeeck tot die dood van Ryk Tulbagh in 1771. Hier is ons grootste kenner van die Kompanjies geskiedenis aan die woord, en hier tree ook reeds die tema van die Suid-Afrikaanse geskiedenis na vore — konfrontasie — eers tussen Vryburger en amptenaar.

Prof. C. F. J. Muller voer die verhaal vanaf 1771 tot en met die val van die Kompanjiesbestuur. Oranje-manne en Patriotte bots (amptenaar en vryburger), 'n wankelende kompanjie laat uiteindelik partikuliere skeepshandel toe, maar die eienaars moes magteloos toesien hoe hulle handelskepies deur Britse kapers gebuit word. Op die oosgrens vind die eerste van 'n 100-jarige, onderbroke reeks van grensoorloë plaas, en die konfrontasie en stryd tussen Blanke en Bantoe neem in aanvang.

En nou kom die jongeres aan die woord. Dr. M. C. van Zyl gee 'n bondige oorsig oor die jare toe eers die Brit en daarna die Batavier hulle kort verskyning op die Suid-Afrikaanse toneel gemaak het. Die Britte erf die ergenis wat 'n sterwende Kompanjie hom as bruidskat laat — die Bataviërs kom met ingrypende hervormings, maar, die Kaap gaan vir die tweede maal in Britse hande oor, en dr. C. R. Kotze neem die verhaal verder tot op die vooraand van die Groot Trek. In hierdie periode ontstaan onder andere die taalprobleem wat lei tot konfrontasie tussen Afrikaner en Brit.

Vervolgens behandel prof. Muller die Groot Trek, en dan behandel 'n groep jongeres, P. L. Scholtz, M. C. van Zyl, prof. M. C. E. van Schoor en prof. J. S. du Plessis, die geskiedenis van die Kaapkolonie, Natal, die Vrystaat en die Zuid-Afrikaansche Republiek. Dr. M. C. van Zyl lewer 'n stewige bydrae oor die pogings om die State en Kolonies gedurende die 19de eeu nouer te laat aaneensluit. Dit word gevolg deur 'n kernagtige en volwasse oorsig van die Anglo Boere-oorlog deur prof. De Kock. Dan voer 'n groep jongeres die verhaal verder tot 1961. Mnr. Spies behandel die heropbou en unifikasie; B. J. Liebenberg voer die verhaal deur die

Statuut van Westminster tot by Republiekwording. Mnr. A. M. Davey behandel Suid-Afrika se plek in 'n Swart Afrika, en dan sluit prof. C. F. J. Muller met 'n diepsinnige besluit af waaruit die volgende aangehaal word: „Die kardinale probleem sal nog steeds wees watter soort plek blankes aan nie-blankes in Suider-Afrika gun, en omgekeerd. Die besondere sinchronisering van binnelandse en buitelandse gebeure, en gevolglik die regte aanpassings op die regte tye, sal die Republiek se gang bepaal deur die nou poort van die twintigste na die een-en-twintigste eeu.”

Hierdie boek verdien 'n baie wye leserspubliek, en sal ongetwyfeld groot byval vind by doserende personeel, studente in die geskiedenis en die algemene publiek. Veral treffend van die boek is die beplanning wat dit moes voorafgegaan het. Ten spyte van stylverskille gee die boek 'n eenheidsindruk wat tegelyk verbasend en prysenswaardig is.

Met die deurlees van die boek is baie min setfoute opgemerk, maar twee van hulle is tog steurend. Op bl. 219: Hier word *Trollope* bedoel, nie *Trollip* nie, en op bl. 307 word genl. *Louis* Botha tog bedoel, nie genl. *Christiaan* Botha nie.

Dit is met blydschap dat daar verneem is dat die boek ook in vertaalde vorm sal verskyn. Dit sal aan die buiteland 'n venster op ons geskiedskrywing verskaf — iets wat lankal nodig is.

J. F. Preller.

Godée Molsbergen, E. C., *Jan van Riebeeck en sy tyd*. (Afrikaanse vertaling deur drs. B. Liebenberg met die medewerking van komdt. dr. Jan Ploeger). Pp. 159. J. L. van Schaik Beperk, Pretoria, 1968.

Oor die lewe van Jan van Riebeeck het ons in Afrikaans, benewens 'n kort lewenskets van A. N. Pelzer (1944), slegs die biografie van C. Louis Leipoldt (1938). Beide werke is lankal uit druk en daarom was dit 'n gelukkige gedagte om die bekende (Nederlandse) biografie van ons landstigter deur Godée Molsbergen in Afrikaans te laat verskyn. Dit sal ongetwyfeld in 'n behoefte voorsien.

E. C. Godée Molsbergen het twee boeke oor Jan van Riebeeck geskryf, eers 'n uitvoerige, ryklik gedokumenteerde werk, *De Stichter van Hollands Zuid-Afrika: Jan van Riebeeck, 1618-1677* wat in 1912 verskyn het en daarna 'n verkorte, vereenvoudigde uitgawe, *Jan van Riebeeck en zijn tijd; een stuk zeventiende-eeuws Oost-Indië* (1937, tweede druk 1943). Bogenoemde vertaling is van laasgenoemde werk. Dit is populêr geskryf, maar berus op deeglike navorsing en is wetenskaplik verantwoord, en hierdie kenmerk van die werk is in die vertaalde vorm gehandhaaf.

In die voorwoord vertel die vertaler hoe hy te werk gegaan het. Hy het hom vergewis van die feit dat die Nederlandse werk hier en daar so fragmentaries saamgestel is dat die samehang daaronder ly en dat dit ook in 'n styl geskryf is wat nie maklik lees nie. Dit het veroorsaak dat die vertaling, hoewel dit so letterlik moontlik gehou is, tog hier en daar afwyk van die oorspronklike. Dit is egter op 'n verantwoorde wyse, met gebruikmaking van verklarende aantekeninge gedoen.

Die uitvoerige aantekeninge, wat deur dr. Ploeger aangebring is, maak die boek van meer waarde as die oorspronklike. Dit bevat nie net verduidelikings van sewentiende euse Nederlandse begrippe nie, maar ook verwysings na meer resente lektuur. Trouens die uitgebreide literatuur-oorsig en die lys „aanvullende leesstof” wat boeke sowel as tydskrifartikels bevat, is seker naasteby volledig en baie waardevol. Dit is egter bevreemdend dat beide drs. Liebenberg in sy voorwoord en dr. Ploeger in sy hoofstuk wat die naam dra *Meer oor die boek en die skrywer daarvan*, 'n lewenskets van Godée Molsbergen gee.

Die boek lees vlot, dit bevat 'n aantal mooi illustrasies en verdien 'n wye leserskring in ons skole sowel as onder die algemene publiek.

F. J. du T. Spies.

Cape Town Photographic Society Survey Group, *From the Days that are gone*. Pp. 145, 92 foto's, kaart, bep. 1250 eks., R4.50. Howard Timmins, Kaapstad, 1967.

Toe in 1965 die *Fotografiese Vereniging van Kaapstad* sy vyf-en-sewentigjarige bestaan wou vier, het party lede begin besef dat hulle die publiek en mekaar baie genoë doen met pragtige foto's, maar dat daar histories gesien, eintlik nog maar min opgebou was. Hierdie gedagte het gelei tot die oprigting van die „Opname Groep”. Die groep bestaan uit tien lede wat hulle ten doel gestel het om 'n historiese en fotografiese dokumentasie op te bou van ou Kaapse huise.

Daar word in *Historia* gereeld gewys op die sorglike toenemende verlies van ons eie ou historiese boukuns as gevolg van vuur, verwering, maar helaas ook moedswillige vernietiging. Jaarliks verminder die alreeds klein aantal oorgeblewe ou Kaapse huise, waarvan elkeen 'n eie geskiedenis het. Eric Vertue wys in 'n voorwoord tot hierdie boek daarop dat ou Vootrekkeropstalle naby Malmesbury en Hermon eintlik onnodig afgebreek is en dat in 1966 die historiese so belangrike herehuis *Ganzekraal* afgebrand het. En so verminder die aantal ou geboue gestadig maar seker in aantal.

Van 1964 tot 1966 het die „Opname Groep” agt opnames gedoen: St. Helena-fontein, Langrietvlei, Kersfontein, Soutkloof, Bokbaai, Ganzekraal (2), en Grootte Post. Hierdie eerste veldwerk is veral verrig in die streek langs die noordweskus, 'n vergete land, maar een van die oudste gebiede in ons geskiedenis. Dis hier waar die eerste reise onderneem is op soek na die ryk van Monomotapa. Lank voordat die burgers oor die noordelike bergrûe en die huidige sir Lowry'spas, Franschhoekpas en Bainskloof getrek het, het hulle al diep in die noordwestelike gebied deurgedring.

Party lede van die „Opname Groep” is argitekte, sodat nie net foto's geneem is nie, maar ook argitektoniese opmetings gedoen is. Twee eksemplare van die boek met volledige gegewens en 'n komplee stel foto's, is saamgestel en in die eie argief en in die Suid-Afrikaanse Biblioteek geplaas. Die boek wat nou uitgegee is, bevat opnames, kaart en 'n keuse uit die foto's. Gevolglik het dit 'n belangrike publikasie geword. Van sewe ou Kaapse huise is argivaliese gegewens verkry uit die Kaapse akteskantoor. Ons verneem wie die eerste kopers was, wie begin bou het, wat die pryse was, watter bekende reisigers, soos Lichtenstein, goewerneur Janssens en kommissaris De Mist, die plekke besoek en in hul dagboeke genoem het. 'n Groot stap in die rigting wat deur Franssen en Cook (sien *Historia*, September 1966) aanbeveel is: die verkry van so volledig moontlike gegewens van elke afsonderlike ou Kaapse herehuis. Die „Opname Groep” het die huise verder noukeurig nagemeet, nagegaan hoe hulle gebou is, watter houtsoorte gebruik is, watter dele nog oorspronklik is en watter vertrekke naderhand toegevoeg is, deur wie en wanneer. Dat die fotografiese opname 'n groot rol speel, spreek vanself. Hier het ons nie net te doen met 'n bloot fotografiese dokumentasie nie. Dit is fotokunstenaars wat nou aan die werk was en die resultaat is bo die hoogste verwagting. Elke foto is duidelik, maar tegelykertyd van aansienlike artistieke waarde. Telkens het die fotografe daarin geslaag om die juiste balans tussen duidelikheid en kunssinnigheid te tref. Dit vorm een van die grootste aantreklikhede van die boek.

Onvermydelik word ons weer getref deur die noodsaak van wetgewing. Laat ons hoop dat die regeringsondersoek, wat op die oomblik plaasvind, daartoe sal lei. Dit behoort tog moontlik te wees om te bepaal dat geboue ouer as 'n sekere datum, nie sonder regeringstoestemming afgebreek kan word nie. Wanneer dit nodig blyk, behoort die slooping van sulke geboue vooraf gegaan te word deur volledige opname in die trant van wat die Kaapse Fotografiese Vereniging in hierdie boek gedoen het. Laat ons hoop dat die sukses van die boek vir die lede inmiddels, 'n aanmoediging sal wees om die werk voort te sit en dat hierdie eerste publikasie tot 'n reeks uitgebou kan word.

F. G. E. Nilant.

Laslett, P.: *The World We Have Lost*. R3.50, pp. 280. Methuen, London, 1965.

This study by a Fellow of Trinity College, Cambridge, is a thought-provoking probe into the sociological history of England. Its object is to establish a comparison between the condition of humble men and women in the 17th and 20th centuries. A preliminary skirmish ahead of definitive works by the *Cambridge Group for the History of Population and Social Structure*, this book nevertheless can claim what is perhaps a new approach to a branch of history.

In the author's view the historian who undertakes investigations like this, has to possess unusual versatility. "He must obviously be something of a statistician . . . He must have some economics, some sociology, even conceivably some genetics, as well as anthropology." Like others before him, Laslett eschews monarchs and Parliaments, statesmen and cabinets. It is on the rural classes, the lesser gentry, the yeomen, the cottagers and the labourers, and their urban counterparts, that the focus is directed. These, for the greater part, were the groups who were inarticulate and often illiterate.

Studies of parish registers, once used solely for genealogical research, form the basis of the work. It calls for systematic sampling over widely distributed geographical areas and over long periods of time before conclusions cease to be tentative. But Laslett has done enough to sweep away many popular misconceptions.

The era before industrialisation was no lost paradise in a green and pleasant land. Expectations of life was strictly limited and few adults lived to see their grandchildren. Widowers frequently remarried and the 17th century, no less than ours, had its problems of rejected and maltreated step-children; many of them sank to the lowest levels of society. Economic existence was exacting and men could not aspire to early independence before completing long terms of servitude. Youthful marriages were rare. There was little time for leisure and contemplation for the artificer or labourer; from Elizabethan times he had to work long hours (from 5 a.m. to 7 or 8 p.m. in summer).

Before large industrialisation, however, there was the satisfaction that came from belonging to a settled order. Emotional well-being flowed from attachment to a patriarchal system under which men, women, children, apprentices and servants lived under one roof. Communities were close together within the narrow compass of village church, cottage and field. For a long time agriculture and home crafts were part of a whole that was "in some sort of symmetry, and the unity of the family was in no way in jeopardy".

Industrialisation came as a gradual process. One of its consequences was to wrest the working-class man away from simple religious devotion. However, other characteristics of the rural era lingered into this century, poverty and under-employment, for instance. It is also noteworthy that as late as 1901 the servant was the member of the largest group within the working class. The great watershed between the old world and the new came, according to Laslett, with the Second World War. Full employment was achieved and the numbers of those employed in the servant category fell sharply year by year. Domestic service ceased to be a major occupation.

The value of establishing just what has been lost has a current urgency. "It may, perhaps ought, to change our view what we should be trying to do. We can only begin to get into this position if we admit that historical knowledge is knowledge to do with ourselves, now."

The World We Have Lost has a refreshing unorthodoxy and suggests emulation in other national contexts. The historian's interpretation remains, but in such surveys he is likely to preside over a working community of scholars drawn from many disciplines.

A. M. Davey.

Swart, M. J., Geysler, O. en Van Aswegen, H. J.: *Tussen Absolutisme en Rewolusie. Grepe uit die Algemene Geskiedenis van 1660 tot 1789*. Pp. 248, R3.50. Nasou Beperk, Johannesburg.

Gesien die werklike behoefte wat daar aan geskikte vakliteratuur ten opsigte van die Algemene Geskiedenis in Afrikaans bestaan, moet die verskyning van hierdie werk van professor M. J. Swart, professor in Geskiedenis aan die Universiteit van Port Elizabeth, dr. O. Geysler, voorheen senior lektor in Geskiedenis aan dieselfde Universiteit, maar tans aan die Randse Afrikaanse Universiteit en mnr. H. J. van Aswegen, lektor in Geskiedenis aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, hartlik verwelkom word.

In *Tussen Absolutisme en Rewolusie* het die skrywers hulle tot vyf gebiede beperk waarvan die geskiedenis tussen die jare 1660 en 1789 behandel word. So word daar in twee hoofstukke oor elk, aandag bestee aan die volgende: die opkoms van die Franse monargie tot met sy hoogtepunt onder Lodewyk XIV, en die agteruitgang van dié monargie tot op die vooraand van die Franse Rewolusie; die geskiedenis van Nederland vanaf 1648 tot met die vertrek van Willem V na Engeland en die binnehaal van die rewolusionêre Franse deur die Patriotte van die Bataafse Republiek; die geskiedenis van Engeland vanaf die laaste Stuarts tot enkele jare na die Amerikaanse Vryheidsoorlog; die wording van die Pruisiese staat vanaf die Groot Keurvors, Frederik Wilhelm I en Frederik die Grote en die opkoms van Rusland as 'n Europese moondheid onder Pieter die Grote tot met Catharina II in 1796.

In hoofsaak het die skrywers hulle bepaal by die hoofontwikkelings van die gebiede onder behandeling, die hoofgebeure en leidende persoonlikhede van dié tyd. Die binnelandse ontwikkeling en buitelandse gebeure word in behandeling geneem, terwyl daar ook na die vernaamste kultuur-wetenskaplike ontwikkelings verwys word. Na die Oostenrykse Habsburgers vanaf Leopold I tot Maria Theresa en haar seun Josef II word wel verwys, maar nie in 'n afsonderlike hoofstuk behandel nie.

Soos die skrywers tereg aandui, bied dié werk slegs 'n oorsigtelike beeld van dié terreine waarop besluit is en wil dit in werklikheid niks anders wees as slegs 'n gids, veral vir universiteitstudente nie. Vanuit hierdie oogpunt beskou, het die skrywers in hul doel geslaag, hoewel daar tog punte van kritiek bestaan, maar dan kritiek wat in die meeste gevalle deur onderlinge oorlegneming heel gerieflik vermy kon gewees het.

Myns insiens is die hoofstuk oor *Frankryk en die Sonkoning 1661-1715*, en die oor *Die Laaste Stuarts, 1660-1714* die minder geslaagde hoofstukke. Wat e.g. hoofstuk betref, vergelyk dit minder gunstig met ander hoofstukke, terwyl onbenullige besonderhede — waarvan sommige ander hoofstukke nie geheel en al vry is nie hoewel in geringer mate — geen bydrae tot die gang van sake lewer nie. In die hoofstuk oor die *Stuarts* bied die eentonige reëlmaat waarmee die woorde *nietemin* en *eweneens* voorkom, inderdaad geen interessante leesstof nie.

Met die oog op die doel waarvoor dié werk saamgestel is, behoort 'n mens waaksaam te wees om nie helderheid ter wille van oorsigtelikheid in te boet nie. In hierdie opsig sou daar m.i. genoeg kan word die interne toestand van die Heilige Romeinse Ryk in die sewentiende en agtiende eeu, die Verligting, die verband tussen die interne toestand van Pole en die verdeling van Pole.

'n Ander aspek wat gedeeltelik oor dieselfde kam geskeer kan word, is gevalle waar sake bymekaar gevoeg word wat in werklikheid in geen verband met mekaar staan nie. Op p. 56 is die verband tussen Clarendon se aspirasies en die gesegde in verband met Karel II se dwaashede en wyse daede, nie duidelik nie. Op p. 82 geld dieselfde vir Frederik Wilhelm — op p. 5 Frederik Willem — se doopfees en peetouers

enersyds, en sy godsdiensverdraagsaamheid in later jare andersyds. Die verwysing oor die *minder bekwame* Josef I op p. 21 en dié na die *energieke seun, Josef I* op p. 96, tesame met die opmerking oor die *philosophes* se aandeel in die „vervoersaking” van die Franse Rewolusie op p. 137, skyn gevalle van *contradictio in terminus* te wees.

Gedagtig daaraan dat nie almal wat hierdie werk ter hand gaan neem vakmanne is nie, is die gebrek aan eenvormigheid en konsekwentheid ten opsigte van sekere aspekte, ’n saak wat die aandag verdien. So bv. kom verwysings na die Oossee en/of Baltiese see herhaaldelik voor. Inderdaad is albei vorme gangbaar, maar wanneer *albei* vorme — soms binne dieselfde hoofstuk (pp. 80 en 84, 242 en 243) — gebruik word, ontstaan die vraag of dit nie ’n beter beleid sou gewees het om vooraf tot vastigheid oor sulke sake te geraak het nie?

Saamgaande hiermee is die inkonsekwentheid ten opsigte van jaartalaanduidings. Op p. 26 bv. word na die Dertigjarige Oorlog sonder ’n jaartalaanduiding verwys, terwyl op p. 82 die verwysing met ’n jaartalaanduiding voorkom. Moes die jaartalaanduiding nie liever by die eerste verwysing gewees het nie? Dieselfde geld o.a. vir die volgende: p. 75 (Spaanse Opvolgingsoorlog sonder jaartalaanduiding) en p. 126 (met jaartalaanduiding); p. 127 (Sewejarige Oorlog sonder jaartalaanduiding) en p. 138 (met jaartalaanduiding), ens. ’n Soortgelyke inkonsekwentheid doen hom ook op pp. 134 en 135 voor. In laasgenoemde geval word die Franse titel van Rousseau se *Le Contrat Social* deur ’n Afrikaanse vertaling gevolg, terwyl dit nie die geval is met dié werke wat op p. 134 vermeld word nie.

’n Aangeleentheid wat ongetwyfeld die waarde van die werk sou verhoog het, sou die gebruik van kruisverwysings gewees het. Sodoende kan daar na aanvullende dele verwys word en die onderlinge kontinuïteit tussen hoofstukke beklemtoon word. Dit en die plasing van ’n opskrifaaanduiding hier en daar soos bv. by die behandeling van Oostenryk (pp. 94 en 211) as onderdeel tot die hoofstukke handelende oor Pruië — mag ’n verhoging van koste tot gevolg gehad het, maar sou ongetwyfeld groter doeltreffendheid en hanteerbaarheid beteken het. In elk geval sou die toevoeging van enkele landkaarte ’n welkome aanvulling gewees het.

Ten slotte dui die gebruik van die woorde Ingrië (pp. 120 en 122 bo Ingermanland), Livonië (pp. 120 en 122 in plaas van Lyfland), Bugrivier (pp. 242 en 243 bo Boegrivier), Baku (p. 124 bo Bakoe) en Georgia (p. 243 in die V.S.A.) in plaas van Georgië (in Rusland) op ’n ander aspek van die probleme waarvoor te staan gekom word.

Afgesien van dié kritiek, het die skrywers daarin geslaag om elke afdeling wat behandel is, tot ’n afgeronde eenheid te verwerk en om op ’n interessante wyse ’n moeilike en soms ingewikkelde tydperk aan te bied.

W. A. Stals.

Strakosch, H. E., *State Absolutism and the Rule of Law*. Pp. VII, 267. Sydney University Press, 1967.

Die eerste wat opval in verband met hierdie werk is dat dit in Engels geskryf is en afkomstig is uit Australië, terwyl dit handel oor die periode in die Oostenrykse geskiedenis waarin die privaatreg gekodifiseer is (1753-1811). Dit is ’n merkwaardige bydrae deur iemand wat die geskiedenis van daardie tyd deeglik ken en ook volkome op hoogte is met die totstandkoming van die kodifikasie. Sy benadering tot die onderwerp is nie slegs om feite op te spoor nie maar om dit te analiseer vanuit ’n oogpunt van staatkundige teorieë en ook filosofiese opvattinge.

Die tydperk is hoofsaaklik die van Maria Theresa en Josef II, die periode van twee verligte despote wat hulle funksies egter verskillend gesien het, ooreenkomstig hulle persoonlikhede, Maria Theresa wat probeer om die oue (die Länder, die stande, die regte en voorregte van die verlede) te versoen met die nuwe (die strewende na Liberté, Egalité, Fraternité op die vooraand van die Franse Rewolusie) en daarteenoor Josef wat die teorieë wil deurvoer en op aansienlike teenstand te staan kom sowel by die bevoorregtes as by hulle wat op sosiale, ekonomiese en selfs juridiese terrein 'n ondergeskikte posisie ingeneem het. Oostenryk staan in baie opsigte agter by die gees van die tyd, vandaar die ontwrigting. Die gemeenskap gaan nie met die stroom saam wat met versnellende spoed na 'n nuwe periode loop nie. Onwillekeurig vergelyk die leser die toestand met dié van vandag, waarin ons ook 'n oorgang na 'n nuwe wêreld beleef, en onwillekeurig ook met die posisie van Suid-Afrika.

Die verdere betoog van die skrywer is dat die kodifikasie een van die middels was om die absolutisme van die staat in die praktyk in te voer. Daarteenoor beteken dit ook dat die „rule of law” (wat hierop neerkom dat die natuurreg bo individu en staat gestaan het) nou prysgegee is, sodat die staat se skepping op dié gebied as reg gepropageer word en dus staan die staat op dié manier bo die reg. Die argument is dat voorheen die „rule of law” gegeld het en selfs die mees absolute heerser onderworpenheid aan die reg erken het: 'n reg „based on the nature of man and the nature of society and on the positive moral precepts of the christian faith” (p. 32). Ook word Lodewyk XIV van Frankryk aangehaal om hierdie gedagte te steun waar hy melding maak van „lois fondamentales que nous sommes dans l'heureuse impuissance de changer” (p. 42-43), maar dit blyk dat dit beskou word as iets soos Kelsen se „Grundnorm”, nl.: La loi fondamentale de l'état ayant formé une liaison réciproque et éternelle entre le prince et ses descendants d'une part et les sujets et leurs descendants de l'autre, par une espèce de contrat qui destine le souverain à régner et ses peuples à obéir, nulle des parties ne peut seul et quand il lui plaît se délivrer d'un engagement si solennel, dans lequel ils se sont donnés les uns aux autres dans une heureuse impuissance de détruire les lois de leurs états, nie renverser au préjudice du droit public les coutumes particulières de leurs provinces.”

Die skrywer is dus 'n ywerige voorstander van die „rule of law”, maar dit wil voorkom asof dit beteken: 'n heerskappy van die natuurreg, owerigens asof hierdie natuurreg geheel of in 'n groot mate vereenselwig word met die gewoontereg. Die gewoontereg (en volgens die skrywer, soos ek hom verstaan, die natuurreg) groei in die gemeenskap, terwyl die kodifikasie reg is wat opgelê word deur die heerser en gevolglik stel die heerser (of staat) hom dus bo die reg. Aan die ander kant stel die skrywer dit meermaal so dat die natuurreg eintlik niks anders is as 'n ideaal van reg en dat die inhoud daarvan kan wissel soos by 'n Thoma ab Aquino, Hugo de Groot, Pufendorf en Kant. Van besondere belang is ook sy beskouing oor die Volkereg en hoe die neiging ontwikkel om dit uit te brei om nie alleen die staat as regsobjek te beskou nie, maar selfs die individu. Interessant is sy beskouing dat, na die Napoleontiese tyd, die gedagte ontstaan van die supra-nasionale organisasie wat die Volkereg (of altans 'n vorm van vrede en heerskappy op internasionale gebied) moet handhaaf. Die Pax Romana het tot niet gegaan, maar met die Konsert van Europa is daar 'n poging van die geallieerdes om met hulle organisasie 'n nuwe reëling op te bou. Dit was miskien te suksesvol, want mettertyd kom die verslapping wat tot die eerste wêreldoorlog lei; waaraan niemand juis skuld het nie maar deur almal verwelkom is. Hierop volg die Volkebond, wat ook die geallieerde se poging was tot 'n nuwe supra-nasionale struktuur om hulle Volkereg en hulle vrede te

handhaaf. Dit loop weer fout en na die tweede wêreldoorlog kry ons weer 'n poging van die oorwinnaars om hulle Volkereg en Wêreldorde te handhaaf, naamlik in die vorm van die V.V.O.

Hierdie werk sal deur die suiwer historikus en ook die regsgeleerde met belangstelling gevolg word ter wille van die begrippe agter die reg. Die skrywer ken sy werk deur en deur. Al sal nie iedereen met al sy konklusies en redenasies genoë neem nie, is dit uiters wenslik dat Juris, Historikus en die Staatsleerdeskundige daarvan kennis neem.

Paul van Warmelo.

Hauck, Karl (ed.), *Frühmittelalterliche Studien, Jahrbuch des Instituts für Frühmittelalterforschung der Universität Münster*, deel I, pp. IV, 443, 30 afb.; Walter de Gruyter & Co., Berlyn, 1967.

Die sogenaamde Donker Middeleeue, die tydperk van die val van Rome tot na die invalle van die Noormanne in Wes-Europa, is 'n periode wat sowel histories as kunshistories nie naby grondig genoeg bestudeer is nie. Om hierin te voorsien is aan die Universiteit van Münster, Wes-Fale, nou 'n instituut opgerig vir studie en navorsing van die Vroeë Middeleeuse as 'n geheel en nie net afsonderlik vanuit die gesigspunte van die argeologie, geskiedenis, kunsgeskiedenis en taalkunde nie. Gedurende 1966 is hier tydens 'n kongres 'n aantal lesings gehou en 'n deel van daardie lesings is in hierdie jaarboek gepubliseer.

Die betreffende tydperk word so ruim as moontlik opgevat. Onder Vroeë Middeleeue word verstaan die tyd van keiser Konstantyn tot die dood van pous Gregorius VII (1085, Salerno). Hierby word bewondien nie net op Wes-Europa toegespits nie, maar daar word ook baie aandag geskenk aan Oos-Europa en Bisantium.

Vir sowel die geskiedkundige as die kunshistorikus klink dit alles veelbelowend. Inderdaad beantwoord die inhoud van hierdie jaarboek in alle opsigte volkome aan die verwagtings. Dit bestaan uit nie minder as twaalf artikels nie, waarvan elkeen baie diep op 'n betrokke onderwerp ingaan, terwyl die feite grondig gedokumenteerd word. Almal is hoofsaaklik van historiese en kunshistoriese belang.

In 'n bespreking oor 'n laat-antieke aangrensende kultuur, wys K. Hauck daarop dat Staat en Geloof nouliks geskei kan word en dat hulle slegs stadigaan oorgegaan het van heidendom na Christendom. Die rol wat die keiser hierby gespeel het, die kerstening van die Wes- en Oosgote, die stryd in Frankryk in die 5de eeu en die rol van die monnike, die invloed van die handel in die eerste eeu, word grondig nagegaan. Hans Beltung bespreek probleme van die kunsgeskiedenis in Italië, met nadruk op die periode van die inval van die Langobarde (6de eeu) tot die kroning van Karel die Grote (800). Hierby word veral aandag geskenk aan die invloed van argiewe, skilderateljees, boukuns en die ateljees vir die verlugte handskrifte op die skilderkuns en die toegepaste kunste in Italië en ander oorwegings wat hierby te pas kom. V. H. Elbern beskryf teologiese oorpeinsing en vormgewing in die middeleeuse kuns en die verhouding van skilderkuns en liturgie.

Die stad Metz het in hierdie tydperk 'n baie belangrike rol vervul en dit is vanselfsprekend dat dit ook in hierdie jaarboek die volle aandag geniet. Twee gesigspunte met betrekking tot die stad word benadruk, nl. die rol wat Metz gespeel het in die periode van die Karolingers (O. G. Oexle) en die Romeinse basilika en dit St. Pieterkerk in die stad (F. Oswald). Laasgenoemde is 'n diepgaande studie oor die vroeg middeleeuse boukuns met kritiek op 'n aantal heersende menings oor boukuns in Metz se omgewing.

Die stedelike lewe, regstelsel, aksynstelsel (J. Karyannopulos), die verhouding tussen die persoon en die gemeenskap (K. Schmid), en die probleme van vroegmiddel-euse gedenkboeke en Cluniasensiese graftekens (Schmid en J. Wollaich), saam met 'n studie oor 'n Cluniasensiese Dodeboek (J. Wollanch) vorm eintlik een geheel wat die onderwerpe betref. Drie afsonderlike gesigspunte is die studie van Romeinse invloed op Germaanse kettingvervaardiging, met die woordgebruik wat hierby toepaslik was (W. Foerste); 'n studie van persoonsname in verband met die naam Wolfhetan (G. Müller), en die sendingveld van Ansgar, 'n Noord-Europese sendeling (H. Jankuhn).

Die studies is hoofsaaklik in Duits geskryf, maar in volgende publikasies sal daar ook plek wees vir hoofstukke in Frans en Engels. By al hierdie studies kom nuwe vraagstukke na vore waarvan party uitvoerig bespreek word, terwyl ander moontlik die onderwerp sal vorm vir 'n toekomstige navorsing. Daar word hier 'n heeltemal nuwe grondslag gelê vir ons kennis van die Vroeë Middeleeue.

Die taalgebruik is eenvoudig, die beskrywings is sodanig dat ook nie-deskundiges op hierdie gebied dit met gerief kan volg en sy beperkte kennis kan uitbrei.

Laat ons hoop dat hierdie wetenskaplike poging sal slaag en dat hierdie jaarboek die eerste sal wees van 'n reeks wat dieselfde tydperk behandel. Dit het hoog tyd geword dat volle aandag aan hierdie gebied gegee word. Dit is die tyd waarin die Christendom sy beslag gekry het in die Westerse wêreld. In meer as een opsig behoort dit tot die belangrikste periodes van die geskiedenis.

F. G. E. Nilant.

Formsma, Dr. W. J., *Gids voor de Nederlandse Archieven*. R1.40, pp. 112. Fibula-Van Dishoeck, Bussum, 1967.

Dr. Formsma het hierdie werk o.m. geskrywe met die doel om die publiek in en voor te lig i.v.m. argiewe (t.w. die geboue waarin argiewe gehuisves word) en om navorsers 'n betere begrip te gee van die werksaamhede van argiefpersoneel. Tog gaan die inhoud van sy oorsigtelike studie aanmerklik verder as juis hierdie doelstellings.

In sy inleiding verklaar die skrywer dat die huidige woord argief teruggaan na die Griekse woord *arché* wat mag of owerheid beteken, dat die Griekse woord *archeion* (Lat. *archivum*) sowel *betrekking het op die owerheidsgebou waarin amptelike stukke bewaar word as op die neerslag wat ontstaan as gevolg van die werksaamhede van die owerheid by die vervulling van sy taak*. Tereg wys hy daarop dat nie alleen die owerheid bestuurswerksaamhede uitoefen nie, maar ook verenigings en dat 'n argief dus nie noodwendig oud is nie.

Hy kom dan ook tot die omskrywing dat 'n argief die totaal van geskrewe, getekende en gedrukte stukke is wat deur enige bestuur of een van sy amptenare *ex officio* ontvang of opgemaak is vir sover hierdie stukke bestem was om onder dié bestuur of dié amptenaar te bly berus.

Uitvoerig word die vraag beantwoord wat 'n argief is, gevolg deur 'n historiese oorsig op watter wyse argiewe ontstaan, op watter wyses die aantal argiefvormende instansies in die loop van die geskiedenis toegeneem het, op watter wyses argiewe in die verlede bewaar is en met watter vraagstukke die argiefbewaarplekpersoneel in ons tyd ten opsigte van bewaring en vernietiging te kampe het. Hy waarsku o.m. teen die gebruik om argiewe te vernietig nadat hulle op mikrofilms vasgelê is (p. 19).

In die volgende hoofstuk word bespreek waarvoor argiewe bewaar word en wys hy o.m. op die Nederlandse argiefwette van 1918 en 1962 en die vereistes ten opsigte van moderne administrasievertrekke en brandvrye bewaarplekke (p. 31).

In die daaropvolgende hoofstuk kom die organisasie van die Nederlandse argiefwese aan die beurt (o.m. geskiedkundig) en word o.m. melding gemaak van die geluidsargief (Utrecht) as 'n moderne voorbeeld van die ontwikkelingsgang. In verband met die opbou van die Nederlandse argiefwese is o.m. vermeld dat die argiewe van die Nederlandse bestuursinstellings in Indonesië in Djakarta agtergebly het, terwyl Nederlandse argiewe o.m. aan die Kaap en op Ceylon berus.

Twee hoofstukke is gewy aan die ordening van argiewe (dinamiese periode, statiese periode), terwyl die taak van die argivaris van p. 68-74 verduidelik is. Daarna is 'n hoofstuk aan die gebruik van argiewe deur navorsers gewy, terwyl in dieselfde verband moeilikhede bespreek word waarvoor die navorser soms te staan kom (o.m. skrif). Laasgenoemde moeilikhede is in ons land (met uitsondering van die Kaapstadse argiefbewaarplek), aanmerklik minder as in Europa waar die argiefneerslag aanmerklik verder teruggaan.

Onder die bylaes is 'n oorsig van die Nederlandse argiefwese (bewaarplekke, adresse) belangrik, terwyl die literatuurlys nuttige gegewens aangaande die argiefwese, inleidings tot die geskiedenis en hulpwetenskappe, paleografie, kronologie, taal- en vakterme, numismatiek en metrologie, geslag-, wapen- en seëlkunde, bronnepublikasies e.d.m. bevat.

Op grond van die inhoud en bogenoemde besonderhede kan hierdie werkie, ook in ons land, as 'n nuttige en welkome aanvulling beskou word.

J. Ploeger.

Bax, dr. D., *Katalogus van die Michaelisversameling, Max Michaelisskenking; die Ou Stadhuis Kaapstad*. Pp. 73, 51 ill. Kaapstad, 1967.

Hoewel hierdie uitgawe in die eerste plek bedoel is as 'n katalogus van die skilderyeversameling in die Ou Stadhuis in Kaapstad, is dit in werklikheid baie meer. Hier is nie net 'n oorsig van die kunsversameling nie, maar ook van die gebou waarin dit gehuisves is. Hiervoor is gebruik gemaak van alle beskikbare bronne, veral in die Kaapse argief: burgerwagboeke, kasboeke, ou illustrasies. Ons word uitvoerig ingelig omtrent wat deur De Mist ingestel is, en die kloktoring wat in 1808 deur Herman Schutte gebou is.

In 1910 is die kunsversamelaar sir Hugu Lane deur generaal Smuts aangemoedig om te probeer om vir Kaapstad 'n goeie versameling 17de eeuse Hollandse en Vlaamse skilderye bymekaar te bring. Lane het die plan uitgevoer en in 1913 is daardie versameling deur sir Max Michaelis gekoop en na Suid-Afrika gebring. Daar was 68 skilderye wat vir 'n laer prys verkry is as wat Lane self daarvoor betaal het. 'n Jaar later is die versameling aan die Suid-Afrikaanse regering geskenk op voorwaarde dat 'n behoorlike huisvesting daarvoor gevind kon word. Die keuse het op die Ou Stadhuis geval wat vervolgens deur die Johannesburgse argitek J. M. Solomon binnekant omgebou is. In 1916 is die nuwe kunsmuseum vir die publiek oopgestel en vanaf die tyd het dit stadigaan uitgebrei deur skenkings en aankope.

Prof. Bax wys daarop dat die versameling, in vergelyking met ander museums in die wêreld, as klein beskou moet word. Maar dit is gevarieerd genoeg om baie nuttig te wees vir studie en genot. Daar is nou 97 skilderye. Die meeste hiervan is reeds in 'n vroeër publikasie van prof. Bax bespreek (*Hollandse en Vlaamse skilderkuns in Suid-Afrika*, 1952). Wanneer mens in gedagte hou dat die enigste uitgebreide katalogus van hierdie versameling in 1913 deur T. M. Wood saamgestel is en daar vir 'n halwe eeu, behoudens 'n beknopte oorsig, niks oor hierdie kunsbesit afsonderlik verskyn het nie, kan ons dankbaar wees dat daar nou uiteindelik weer 'n behoorlike katalogus

verskyn het. Die katalogus is opgestel volgens die metode wat internasionaal gebruiklik is en dit is aangevul met die jongste wetenskaplike gegewens oor die skilderye. As sodanig kan die werk as voorbeeld gebruik word vir toekomstige katalogi van kunsversameling in ons land. Dat by die samestelling heelwat kritiek toegepas moes word, is vanselfsprekend, en gevolglik het 'n hele aantal vroeë toeskrywings aan kunstenaars verander. Party klassifiserings onder groter meesters is nou, tereg, net as produkte uit die ateljee van so 'n kunstenaar bepaal: o.a. Van Dyck (no. 22) en Ter Borch (no. 9). Die bekende voëlstopster, vir 'n lang tyd 'n omstrede werk wat eers aan Rembrandt en daarna aan sy volgeling Aert de Gelder toegeskryf is, is nou by die Skool van Rembrandt tuisgebring en daar is 'n uitvoerige toeligting om die juistheid hiervan te staaf. Die mooi stadsgesig in Haarlem, vroeër as die werk van 'n leerling van Saenredam beskou, is nou definitief as die werk van die skilder Gillis Rombouts uitgeken. Waar moontlik, is verwys na die bekende katalogus van C. Hofstede de Groot.

Hierdie oorsig van die Michaelis-versameling is 'n besonder belangrike toevoeging tot die kunshistoriese literatuur in ons land, nie in die laaste plek vanweë die deeglikheid waarmee die werk gedoen is nie. Die foto's is duidelik, 'n gekleurde afbeelding is op die buite-omslag, en daar is 'n kort literatuurlys. Die afmetings word helaas net in duime en nie ook in centimeters gegee nie.

F. G. E. Nilant.

Groenveld, Drs. S., *De Prins voor Amsterdam. Reacties uit pamfletten op de aanslag van 1650*. R1.40, pp. 128. Fibulareeks 30. Van Dishoeck, Van Holkema en Warendorf N.V., Bussum.

Met die Fibulareeks beoog die „Nederlandse Jeugdbond ter Bestudering van de Geschiedenis” die bevordering van die belangstelling in geskiedenis en uit bogenoemde publikasie blyk dit weer duidelik dat die reeks uit 'n aantal voortrefflike publikasies bestaan waarin dikwels nuwe lig op redelik bekende onderwerpe gegooi word.

Drs. Groenveld het 'n groot aantal pamflette van tydgenote ontleed en sodoende die stemme laat weerklink van persone uit die Nederlandse Republiek van 1650 wat verskillende standpunte gehuldig het ten opsigte van die optrede van stadhouer Willem II teenoor die stedelike owerheid van Amsterdam wat die beleid van hom en sy ondersteuners gedwarsboom het.

Aan tydgenote was slegs die binnelandse beleidsrigting van die jong stadhouer duidelik, terwyl eers latere geslagte ook deur studie duidelikheid sou kry oor die buitelandse aspek daarvan. Soos sy voorganger, stadhouer Frederik Hendrik, het Willem II daarna gestreef om sy mag en invloed te vergroot en 'n doelbewuste poging aan te wend om 'n vorstelike posisie in die Nederlandse Republiek te verwerf. Die vrede van Munster (1648) het hy en sy aanhangers nie verwelkom nie, want tereg het hy in sy militêre funksie een van die middels tot magsvergroting gesien. Hy is egter deur die afgevaardigdes van die provinsie Holland gedwarsboom wat onder leiding van Amsterdam, dan ook na die totstandkoming van die vrede op vermindering van die troepemag van die Republiek aangedring het. Dit het tot 'n konflik gelei. Op eie houtjie het die stadhouer troepe na Amsterdam laat opruk, teenstanders van sy beleid uit bestuursposte verwyder en die stad gedwing om sy maatreël goed te keur.

Een van die gevolge van hierdie optrede was 'n ware pamfletskrywersoorlog. Die voor- en teenstanders het hulle op verskillende artikels van die Unie van Utrecht (1579) en op verskillende beginsels, soos vervat in die „Plakkaat van Verlatinge”

(1581), die soewereiniteit van die geweste en 'n sentrale oppersowereiniteit (die Prins) beroep het.

Soos aangedui deur die titel van een van die hoofstukke is dit die vraag of die Prins as 'n „nobelen en couragieusen Prince” of 'n „tyran en geweldenaar” beskou moet word (p. 54). In die hoofstuk „Bickers, Arminianen, Barneveldianen, Libertijnen . . .” (p. 76 e.v.) kom o.m. die neerslag van die vroeg-sewentiende eeuse godsdienstige wrywings en die houding van die Amsterdamse regente t.o.v. godsdienstige verdraagsaamheid ter sprake.

Sekere gedeeltes van hierdie werkie gaan dus aanmerklik dieper as wat die leser by die eerste oogopslag sou vermoed. Dit voer ons terug na verskillende terreine van die sewentiende eeuse Nederlandse Republiek kort voordat Jan van Riebeeck na die Kaap vertrek het.

Om die agtergrond van die Nederlandse geskiedenis wat onmiddellik aan die stigting van die blanke volksplanting aan die Kaap voorafgaan, beter te verstaan, is drs. Groenveld se publikasie besonder nuttig en waardevol.

J. Ploeger.

Van Regteren Altena, H. H. (red.), *Stadskernonderzoek in Amsterdam (1954-1962)*.

J. B. Wolters, Groningen, 1966. 116 bl., met opsomming in Engels, afb.

Stadskernondersoek as 'n tak van die argeologie is redelik reserant en is, met betrekking tot Europa, bevorder deur grootskaalse oorlogsverwoestings wat tot bodemnavorsing gelei het. In Emden, Hannover, Londen en Antwerpen is o.m. diepgaande navorsingswerk verrig, terwyl Nederland soortgelyke moontlikhede slegs spaarsaam benut het.

Feitlik onafhanklik van die oorlogsgebeure is plaaslike navorsingswerk deur die „Biologisch-Archeologisch Instituut” (Groningen) verrig, terwyl die „Rijksdienst Oudheidkundig Bodemonderzoek” (Amersfoort) werksaamhede in Aardenburg en Staveren verrig het. In 1951 het die „Instituut voor Prae- en Protohistorie” (Amsterdam) met sy werksaamhede begin.

Hoofsaaklik is hierdie navorsing, om meer kennis aangaande die verlede van Amsterdam te verkry, in die ondergrond van bouterreine verrig. Dit het tot merkwaardige resultate gelei. Op een plek is meer as 100 vondste aangeteken, potskerwe en oorblyfsels van middeleeuse gebruiksvoorwerpe is gevind, oorblyfsels van hout- en baksteengeboue kon bestudeer word, die middeleeuse dykebou kon bestudeer word en die merkwaardigste vonds was o.i. dat sowel 'n aantal instrumente met betrekking tot leerbewerking en 'n aantal oorblyfsels van middeleeuse skoensoorte gevind is. Oorblyfsels van slagdiere het o.m. daartoe gelei dat skriftelike gegewens aangaande slagdiere deur die vondste bevestig is.

Op grond van voorafgaande kan met vrymoedigheid verklaar word dat elkeen van die volgende hoofstukke belangrik is:

Die inleiding (W. Glasbergen). *Opravingen aan de Oude Zijde (1954-1962)* (H. H. van Regteren Altena), *Laat-middeleeuws schoeisel* (W. Groenman-van Waateringe), *Veeteelt, jacht en visvangst* (A. T. Clason), *Milieubepaling van de jongste Amstelafzettingen en van de ophogingslagen in de Nes* (B. J. Wieland Los). Die uitgawe is, soos reeds vermeld, deur die „Instituut voor Prae- en Protohistorie” (afdeling 4, Middeleeuse argeologie), Amsterdam, versorg.

J. Ploeger.

Eglington, C., *Maud Sumner*. R12, pp. 48, 60 ill. (10 in kleur). Purnell en Seuu.: Kaapstad, 1967.

Büchner, C., *Van Essche*. R7.50, pp. 36, 21 ill. (8 in kleur). Tafelberg, Kaapstad, 1967.

Maud Sumner is gebore in Johannesburg en dit is hier waar sy haar eerste kunsonderrig van A. E. Gyngell, die kurator van die kunsgalery, ontvang het. Sy studeer in Oxford en leer Londen en Parys ken. Hier kom sy onder die invloed van die groot skilders: Cézanne, Vuillard, Bonnard, Matisse, Braque en Picasso. Sy begin met lesse by Maurice Denis. Van nou af reis sy gedurig heen en weer tussen Europa en Suid-Afrika. In 1932 het sy haar eerste een-man uitstalling in Parys. In die dertiger jare slaag sy daarin om haar eie weg te vind en sy lê haar veral toe op olieverfskildering.

Tydens die Tweede Wêreldoorlog is sy in Johannesburg waar sy hard werk en 'n groot aantal uitstallings hou. Tog is dit vir haar 'n periode van inkering, terwyl sy afgesluit is van die groot Europese kunsstromings. In hierdie tyd word die grondslag van 'n latere vernuwing in haar werk gelê. Sy het reeds 'n toppunt bereik en kom nou tot rus voordat die nuwe ontwikkeling kan plaasvind.

Hoewel sy na die oorlog na Parys terugkeer, bly sy rusteloos rondreis. Van groot belang is 'n reis wat sy in 1953 na die Heilige Land onderneem. Die geweklige woestyne waarmee sy nou kennis maak, het 'n beslissende invloed op haar werk. Dit is nou die leegheid, die stilte wat sy skilder: groots, maar sonder vyandigheid. Kleur sowel as lyn speel hierby 'n groot rol.

Vanaf 1960 sien ons haar meer vastigheid kry. Sy ontwikkel in 'n rigting wat na die abstrakte neig, maar wat tog nie heeltemal daaraan oorgee nie.

Charles Eglington is die juiste persoon om die lewe en werk van hierdie kunstenaars te beskrywe. Hy het 'n vlot skryftrant en weet om be'angstelling by die leser op te wek. Daar is min tyd vir filosofiese bespieëlings; alle aandag word gekonsentreer op kyk en waarneem. Hy het die koele blik van die ervare kritikus, maar tegelykertyd is hy begrypend en vol belangstelling en liefde vir wat hy sien. Die uitstekende oorsig van die lewe van Maud Sumner en die groei en ontwikkeling van haar werk, word aangevul deur duidelike illustrasies. Tereg wys die skrywer daarop dat die krag en groei gesoek moet word in die olieverfskilderye, nie in die akwatinte nie. Laasgenoemde staan op 'n baie hoë peil en geniet baie populariteit, maar deur die jare het hulle min verander. Die werklike ontwikkeling word in haar olieverfskilderye aangetref.

Die waarde van Maud Sumner se kuns lê in die feit dat sy baie vinnig kan waarneem en op 'n frisse manier reageer op wat sy sien. Maar bowendien beskik sy oor genoeg materiaal-kennis en tegniese ervaring om haar visuele ervaring te kan oorbrië na 'n skildery.

Die skrywer wys ook op die verskillende invloede wat die drie lande, Suid-Afrika, Frankryk en Engeland op Maud Sumner se werk het: hoe die skerper kleure en groot afstande van Suid-Afrika in haar tog nie die noodsaak van hoekige vorms en 'n intense kleurgebruik opwek nie. Sy sien Suid-Afrika deur 'n Franse bril. Frankryk moedig haar intellektueel aan, Engeland daarenteen wek in haar 'n poëtiese gevoel. Suid-Afrika gee haar 'n aanvoeling van die werklikheid.

Dit is 'n uitstekende boek oor 'n onderwerp wat allermins gemaklik is, maar Eglington volg Maud Sumner se ontwikkeling stap vir stap en elke woord wat hy uiter, elke gedagte wat in hom opkom, is volkome verantwoord en help om die werk

van die kunstenaars te verduidelik. Die boek is 'n voorbeeld van 'n juiste benadering en waardering van ons kuns.

In vergelyking hiermee maak die werk van C. Büchner oor Van Essche 'n ietwat skraal indruk. Die toeliggende teks, in Engels en Afrikaans, is tot 'n minimum beperk. Slegs 'n kort oorsig van Van Essche se lewe, met die nadruk op die Afrikaanse deel daarvan, en hier en daar 'n verwysing na een van sy werke. Dit is jammer. Büchner werk daagliks in die nabyheid van Van Essche en hy behoort oor baie meer gegewens te kan beskik as wat in hierdie boek gegee word.

Eintlik is die boek meer 'n illustrasiewerk. Dit het uitstekende afbeeldings en veral die gekleurde reproduksies is besonder suksesvol. Ons sou graag 'n meer volledige beskrywing van die tegniese gegewens by elke afbeelding van skilderye wou sien.

Laat ons hoop dat hierdie boek 'n aanmoediging sal wees tot verder en dieper studie van die werk van Van Essche, een van ons belangrikste moderne kunstenaars.

F. G. E. Nilant.

De Klerk, W. A., *Die Witwyne van Suid-Afrika*. R2.50, pp. 112, ill. A. A. Balkema, Kaapstad, 1967.

Almal sal saamstem dat ons Kaapse wynboerdery en industrie 'n eie sfeer het. Die skrywer W. A. de Klerk, self 'n afstammeling van 'n geslag van wynboere, weet hoe om in mooi en suiwer taal hierdie besondere sfeer treffend weer te gee. Hy kan dit doen omdat hy self aan vereistes beantwoord wat aan elke goeie wynboer gestel word: daar is 'n liefde vir die vak nodig. Liefde vir die bedryf alleen is egter onvoldoende. Vir die produksie van goeie wyn is 'n uitgesproke praktiese sin 'n noodsaak. Eintlik is die maak van goeie wyne niks minder as 'n kunswerk nie.

Die skrywer lei ons met entoesiasme deur die gebiede wat beroemd is vir hul wit wyn: Tulbagh, Daljosaphat, Stellenbosch en die omstreke. Landskap, mens en wyn gaan saam in die Kaap, wyn stig 'n vriendskap tussen die mense en hul omgewing. Hier dreig egter die gevaar dat toenemende modernisering die wyn-industrie te masjieneel sal maak. Dit sal die eenheid van die produk bevorder, maar tegelykertyd sal dit die persoonlike element steeds meer na die agtergrond dring. En goeie wyn kan nooit net 'n produk van die masjien word nie.

Die wêreldmededinging is baie sterk. Die laer breedteligging van die Kaap in vergelyking met die Europese wyngebiede wat noordeliker lê en waar die klimaat baie koeler is, het die wit wyn in Suid-Afrika moeilik tot ontwikkeling laat kom. Die son in ons land is warm en dit vergroot die suikergehalte van die druiwe. Die eintlike produksie van hoë standaard witwyne in die Kaap begin eers na die Tweede Wêreldoorlog, toe wyngereiding heeltemal gemoderniseer is. 'n Goeie peil is reeds bereik, maar proefnemings bly voortgaan: die koue gistingsproses, die soort druiwe, die plek waar die stokke geplant word, en baie ander. Dit blyk nou dat ons wyn vir die gemiddelde standaard van goeie oorsese wynsoorte nie hoef agter te bly nie.

Maar ook wetgewing, noodsaaklik konserwatief, veroorsaak moeilikheid. Die bepaling dat wyne met 'n groter suikergehalte as 2% gefortifiseer moet word, was in sy tyd 'n uitstekende reëling, maar vandag is dit uitgedien. Verandering hang egter baie af van die resultaat van proefnemings en hieraan kom daar natuurlik nooit 'n einde nie. Daar is verder byvoorbeeld die Kreef-ooreenkoms van 1935 waarvolgens geen Suid-Afrikaanse wyn 'n vasgestelde oorsese naam mag gebruik nie. Dit het egter die voordeel dat daar nou tipies Afrikaanse name en woorde ontstaan wat ons taal baie sal verryk.

Ons vind in hierdie werk nie net in kort die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse wynhandel vanaf 1659 nie, maar ook 'n oorsig van belangriker afsonderlike wynboere, die natuurwyne en die rol wat die koöperatiewe maatskappye, die S.F.W. en die K.W.V. gespeel het. Ons maak kennis met die agtergrond en ontwikkeling van die meer bekende Suid-Afrikaanse merke. Ou natuurwyne het ongetwyfeld baie in hul voordeel, maar vir moderne uitvoerdoeleindes is meer nodig. Ons maak kennis met baie name: die bekende Koos Hugo (Mostertpotjie) van Breede Rivier, A. W. Jordaan van Theuniskraal, Graue van Nederburg, W. D. Furter en John de Villiers op Zonneblom, Bellingham, Podlashuk, Pickstone, Winshaw, Karl Werne, C. J. Theron, om maar net enkeles te noem.

Die boek is welkom by elkeen vir wie die Kaap en sy wyn na aan die hart lê. Dit is die eerste deel van 'n beplande reeks van vyf en dit het tot stand gekom met behulp van die K.W.V.

Die lyntekeninge en akwarelle deur François Krige is 'n sukses. Die kleurfotos deur Terence McNally is van hoë kwaliteit, maar hulle maak inbreuk op die sfeer van teks en tekeninge en kon in hierdie geval liewers weggelaat word. Daar is helaas geen indeks nie. Die boek is verkrygbaar in Afrikaans en Engels teen 'n opmerklik lae prys.

F. G. E. Nilant

Hatfield, D. (ed.), *Some South African Monuments*. R4-75, pp. 150, ill. Purnell & Sons, Kaapstad-Johannesburg, 1967.

Hierdie boek vind sy oorsprong in 'n reeks praatjies wat deur die S.A.U.K. aan die einde van 1965 uitgesaai is. Die samestellers het vyftig onderwerpe uit hierdie reeks gekies en met klein veranderinge gepubliseer. Daar is volgens plan te werk gegaan. Die populêrste historiese monumente is as algemeen bekend beskou en is nie opgeneem nie. Die werk is nie beperk tot geboue en plekke wat amptelik 'n monument verklaar is nie, maar ook plekke wat in noue verband met ons geskiedenis staan het die aandag geniet. Die indeling is chronologies.

Die reeks begin met Boesmantekeninge, die posboom in Mosselbaai, 'n aantal ou Kaapse huise; daarna kom die Britse Setlaars, die Groot Trek en die Vryheidsoorloë. Die reeks word afgesluit met 'n hoofstuk oor die gedenkplaat vir Arthur Elliott, die Amerikaner wat so ontsaglik veel gedoen het om gegewens en kennis oor Kaapse geboue en plekke vir die nageslag te bewaar. Baie van hierdie geboue het reeds verdwyn, maar Elliott se foto's gee ons 'n indruk van hoe hulle gelyk het en in watter omgewing hulle gestaan het.

Die beskrywings is kort en ter sake, slegs die allerbelangrikste word genoem, maar daar is voldoende feite om 'n goeie beeld van die geskiedenis, voorkoms en die belangrikheid van elke monument te vorm.

Die werk is egter nie slegs 'n weergawe van feite nie. Die hoofstukke is so vlot en goed geskryf dat mens 'n aanmoediging voel om self die monumente te gaan besoek. Daar word trouens 'n hele aantal plekke genoem waarvan baie lesers heeltemal onbewus sal wees. Hierin lê die groot waarde van die boek. By elke hoofstuk is 'n duidelike illustrasie.

Vir die luisteraars wat die praatjies belangstellend gevolg het, is hierdie werk 'n meer permanente en aangename aandenking. Ten slotte is dit vir besoekers aan ons land 'n gerieflike gids waarin op aantreklike en leesbare manier 'n geweldige hoeveelheid gegewens aangebied word.

F. G. E. Nilant.

Mehnert, Klaus, *Der deutsche Standort*. Deutsche Verlags-Anstalt, Stuttgart, 1967, 418 bl., met verwysings en register.

'n Aantal jare gelede het hierdie bekende Duitse skrywer se *Asien, Moskau und wir*, wat in 1956 by dieselfde uitgewer verskyn het, tenminste sewe drukke belewe. In dié werk het die skrywer daarop aangedring dat dit nie help om slegs sekerheid vir jouself te skeep nie en die res van die wêreld te vergeet nie. Eie veiligheid word slegs dan verkry, aldus Mehnert, wanneer die mens hom beywer om die algemene wêreldtoestand te verbeter. Dit is een van die opgawes van die jeug wat, soos hy dit gestel het, met vakkennis gewapen die vertes van die wêreld moet verken.

In sy jongste werk stel Mehnert ten opsigte van Duitsland verskillende vrae, t.w. Duitsland en die toekoms, Duitsland en die verlede, Duitsland en die hede, Duitsland en die weste, Duitsland en die ooste, ens. Hoe staan die gemiddelde Duitser teenoor al hierdie vraagstukke? Hoe behoort sy houding te wees? En hoe groot is die wil om hierdie benaderingswyses, soos deur die skrywer uitvoerig uiteengesit is, te verwesenlik?

In sy inleiding verklaar Mehnert dat die Duitse volk geneig is om tot die uiterstes te gaan. In die resente verlede het hierdie volk aan 'n sendingsplig ten opsigte van die wêreld geglo, vandag word daar van dag tot dag ge'ewe en word daar dikwels beweerd dat die Duitse volk die wêreldgeskiedenis die rug toegekeer het. Tussen hierdie twee uiterstes lê die regte koers om, sonder ideologiese oorverhitting en onverskilligheid, opgawes te vervul wat die wêreld ongetwyfeld aan 'n volk van 75 miljoen in die hartjie van Europa stel. Op nywerheidsgebied is hierdie land 'n reus, op politieke gebied 'n dwergie. 'n Volk wat 'n taak wil uitvoer, moet weet waar dit staan om op grond daarvan sy koers te bepaal.

Om sy lesers dié wete en dié kennis by te bring, kom die skrywer dan met verskillende konfrontasies, te wete die toekoms, die verlede, die hede, die weste, die ooste en 'n ontleding van die wil. Want ons sal ook die wil in al sy geledings moet verstaan om dit op die voordeligste wyse te kan aanwend om op koers te kom, koers te hou en op dié wyse die beoogde doel te bereik.

Die beeld van die toekoms stel maatstawwe vir die verlede en die hede en bygevolg voer Mehnert sy lesers eers na die toekoms. Daar sien hy 'n staatkundige verenigde Europa met 'n ryk verskeidenheid van kulture en bedrywighede op verskeie gebiede en 'n gesamentlike demokraties-parlementêre regeeringsvorm verrys. Dit sal 'n Europa sonder die massamens wees, 'n Europa wat sterk dinamies is en waarin die gesin — ten spyte van veranderings — sy belangrike rol sal bly speel.

Met hierdie toekomsbeeld in gedagte, word die leser teruggevoer na die verlede en hier verwerp Mehnert die stelling as sou die Duitse volk 'n volk wees wat erflik met die sug om agressief op te tree, belas sou wees. Agtereenvolgens kom Bismarck se beleid ten opsigte van Oostenryk-Hongarye en Frankryk aan die beurt en word, op grond van voldoende bewyse, die gedagte verwerp as sou Duitsland alleen skuldig wees ten opsigte van die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog.

Met betrekking tot die Tweede Wêreldoorlog verklaar Mehnert dat dit nog te vroeg is om tot 'n finale uitspraak te kom, maar wel wys hy op die feit dat Hitler berekenend te werk gegaan het om sy doelstelling, lewensruimte vir die Duitsers in die ooste, te verwesenlik en nie vir geweld teruggedeins het nie. Hierdie faktor het t.o.v. die Eerste Wêreldoorlog ontbreek. Andersyds kan hy hom nie met Hoggaan en Taylor vereenselwig nie, wat Hitler se optrede probeer verdedig het.

In die gedeelte „Geist und Politik” kom hy, op 'n besonder skerp geformuleerde wyse, op hierdie vraagstuk terug, deur o.m. te verklaar dat Hitler en Himmler die kuns verstaan het om eienskappe wat die Duitsers as nasionale deugde beskou het, op 'n onwaardige wyse uit te buit. In dié verband wys hy o.m. op die reg, die plig om weerstand te bied soos in Romeine 13 uiteengesit is. Geskiedkundige beskou is bogenoemde gedeelte (-p. 133) vir die geskiedkundige navorser die belangrikste gedeelte van Mehnert se jongste werk.

Vervolgens word die leser na die hoofstuk „Wir Deutschen und die Gegenwart” gevoer waarin vraagstukke aangaande Duitsland na 1945 bespreek word, terwyl in die volgende hoofstuk Duitsland se verhouding ten opsigte van die weste in die resente verlede en die hede ontleed word (o.m. Stresemann, Hitler, Moskou, na-oorlogse tyd). T.o.v. die verdeling van Duitsland en die beleid t.o.v. Moskou bepleit Mehnert 'n beleid van geduld.

Wie kennis wil neem van die Duitsland van vandag sal in hierdie gedeelte van „Der deutsche Standort” heelwat aantref om sy kennis en insig te verryk en behalwe die huidige Duitsland ook die hedendaagse Europa en die wêreld, gesien deur die oë van 'n gesaghebbende skrywer, ongetwyfeld aanmerklik beter verstaan.

Ploeger.